# 247 Kom luister,wat klink daar




O wonder, wat blink daar met hemelse prag?
Dis ’n skaar heil’ge eng’le, wat daar sing in die nag:
Gebore is vir jul vandag, die Heiland reeds so lank verwag,
in Dawids stad, so as voorspel – dis Christus die Immanuel.

O wonder, wat blink daar met hemelse prag?
Dis ’n skaar heil’ge eng’le, wat sing in die nag.
Wees dan getroos en onbevrees, dit sal vir jul die teken wees:
daar is ’n krip, waar jul die Kind in doeke toegedraai sal vind.

O wonder, wat blink daar met hemelse prag?
Dis ’n skaar heil’ge eng’le, wat sing in die nag.
Aan God, die Allerhoogste, eer! Op aarde vrede, vrede weer.
En in die mens, O salig lot, ’n welbehae: Eer aan God.

Onbekend Onbekend